

COMTE, A. *Système de politique positive* (uit bande II en III; 1851-54). (Uittreksels)

Teks in Frans geselekteer deur Jean-Marie Tremblay.

http://www.uqac.quebec.ca/zone30/Classiques_des_sciences_sociales/index.html

Gebruik op 22-12-2012

HOOFSTUK IV: TAAL

TAAL: 'n SOSIOLOGIESE PROBLEEM

Die ware algemene teorie oor die taal is wesentlik sosiologies, alhoewel sy normale oorsprong wesenlik biologies is. Dit moet by gevolg gekonstrueer word veral volgens die menslike geval, wat benewens sy oorheersende belang, die enigste is wat die ooreenstemmende wette kan onthul, soos vir alle serebrale ondersoeke (II, 224).

By gebrek aan die vermoë om hulle te verhef tot 'n gesigspunt wat waaragtig universeel is, het die teologies-metafisiese filosofie altyd die fundamenteel-sosiale aard van die menslike taal (*langage*) misken. Die taal is op homself sodanig verbonde met die so-sialiteit dat die suiwer individuele impressies nooit paslik geformuleer kan word nie, soos bewys word deur dagboekervarings gedurende siektes. Die minste uitbou daarvan veronderstel altyd 'n kollektiewe invloed, waar die sameloop van generasies weldra nie minder ontbeer kan word nie as die van die individue. Die grootste moeite van die mees sistematiese genieë sal nie persoonlik daarin slaag om enige reële taal (*langue*) te konstrueer nie. Dit is waarom die so-siaalste van alle menslike instellings die agtergeblewe denkers wat hulle vandag vermoei om *die filosofie vanuit* 'n individuele oogpunt vol te hou, noodwendig in 'n teenstrydigheid sonder uitkoms plaas. In feite kan hulle nooit hulle heiligskendende sofistiek verduidelik behalwe in series formules wat altyd van 'n lang sosiale samewerking afhang nie. (II, 219-20).

DEFINISIE VAN TAAL

Teken en taal (*langage*)

Die ware algemene definisie van die tekens waaruit enige taal (*langage*) saamgestel is... Be-staan daarin om te konsipieer elke *teken* te konsipieer – streng gesproke –as die resultaat van 'n sekere gewoontelike verhouding, soms vrywillig soms onvrywillig, tussen 'n beweging en 'n sensasie ... tussen 'n objektiewe invloed en 'n subjektiewe indruk (II, 220-222).

Vrywillige en onvrywillige taal (*langage*)

Die hoofonderskeid [moet gestel word] tussen die onvrywillige taal waartoe die laere diere beperk is, en die min-of-meer vrywillige taal wat ontwikkel by al die hoër diere, selfs as ons begin by die graad van organisasie waaraan die skeiding van geslagte hom duidelik toon. In die eerste geval sal voltooide handeling die enigste noodwendige tekens word van die nei-gings wat hulle geïnspireer het of die of die projekte wat hulle verwerklik het. Hierdie taal (*langage*) waarvoor alleenlik die naam *handelingstaal* gebruik moet word, word spontaan verstaan deur alle wesens wat soortgelyk georganiseer is. ... Nietemin, watter belang hierdie eerste taal ook mag hê, moet dit hier slegs beskou word as die natuurlike basis van die tweede – die enigste objek van hierdie hoofstuk.

In die mate wat dit vrywillig is, is laasgenoemde altyd kunsmatig. ... Vrywillige tekens verkry op natuurlike wyse die konvensionele vastheid, volgens hulle elementêre oorsprong in die onvrywillige tekens, wat geleidelik ontbind en vereenvoudig word, sonder om hulle begrypbaarheid te verloor. Op hierdie manier is dit dat wat noodwendig die normale band tussen die egte sosiologiese teorie van die taal en sy eenvoudige biologiese teorie. In feite is die vry-willige tekens altyd egte sosiale instellings, want hulle was oorspronklik bedoel vir onderlinge kommunikasie. Toe hulle vervolgens vir die vervolmaking van die individuele bestaan gebruik is, veral mentaal, was hierdie indirekte eienskap, wat bykans beperk bly tot die menslike spesie, nog nooit genoegsaam om hulle vorming te bepaal nie. Die Antieke filosofie het aan hulle slegs 'n vieslike dominasie toegeken by gebrek aan die vermoë om hul uit sosiale oogpunt te plaas. Bo en behalwe dat hierdie vrywillige taal die enigste is wat ons direk behoort te interesseer, dra dit alleen 'n beslissende vooruitgang, na die mate wat die samelewing kompleks en uitgebreider word (II, 222-223).

VERSKILLENDE SPESIES VAN TAAL

Alle kunsmatige tekens kom voort, ook by ons spesie, uit 'n eenvoudige vrywillige nabootsing van die verskillende natuurlike tekens, wat onvrywillig voortkom uit die ooreenkomstige bestaan. Net hierdie spontane oorsprong kan hulle vorming en interpretasie verklaar. Die bewegings wat hulle konstitueer moet gewoonlik, om na buite die interne indrukke uit te druk, verkieslik gerig word op sintuie wat op 'n afstand deur hulle getref kan word. Ons word dus gelei om drie soorte taal (*langage*) te onderskei, verbandhoudend met die reuksin, die sig en die gehoor. Maar eersgenoemde sintuig is by die mens te onverfynd om daaruit 'n waaragtige tekensisteem op te wek ... Die serebrale orgaan kan daarom nooit meer as twee eksterne tekensisteme gebruik nie, waarvan die een hom op die sig rig, die ander op die gehoor. Elkeen van hulle het voordele wat eie is aan hom, en by gracie waarvan albei gesamentlik deur die hoër diere gebruik word. Hulle karakteristieke toepassing op die sterkste emosies wek oral 'n bepaalde spontane skets van die estetiese vlug wat die twee mees fundamentele kunste opwek: mimiek en musiek – hulle onderskeie bron verhoed nie hul natuurlike

kombinasie nie. Uit hierdie twee spontane stamme kom vervolgens alle kunsmatige tekens voort, na die mate waarin die affektiewe kommunikasie verswak word deur die uitbreiding van sosiale verbande, om meer en meer die intellektuele oordrag te laat oorheers ... Hierdie groeiende verandering lei eindelijk, by hoogbeskaafde bevolkings, tot die totale omkering van die natuurlike orde, in die oortuiging dat die kunste uit die taal kom. Maar elke diereryk getuig oral teen hierdie teoretiese afwyking – hulle toon dat die gebaar en die kreet aanvanklik eerder gebruik is om affeksies te kommunikeer as om begrippe oor te dra, of selfs om saam te werk. ‘n Soortgelyke kontras manifesteer hom by ons wanneer die so-siale bestaan beperk word tot huishoudelike relasies of swak politieke bande. Volgens die ontwikkeling van ons handelinge en die ooreenkomstige uitbreiding van die samelewing, word die intellektuele gedeelte van die menslike taal (*langage*) beurtelings teoreties en prakties, geleidelik verskillend van die affektiewe en by gevolg estetiese bron, waaruit dit al-tyd voortkom en waarvan die spore nooit verlore raak nie. (II, 226-7).

Mimiek en musiek

By die begin van menslike ewolusie, individueel of kollektief, het mimiek lank die voorrang bo musiek gehad, soos by die grootste deel van die diere. Bo en behalwe die eie voordele wat visuele tekens het, kom hierdie spontane voorkeur voort daaruit dat die bewegings wat hulle produseer beide maklik is om te herhaal en beter verbonde aan die ooreenkomstige affeksies. In ieder geval het die vlugtigheid van die mimieke uitdrukking algou daartoe gelei dat dié basiese vaardigheid fundamenteel gewysig is met die doel om die essensiële resultate daarvan vas te stel, terwyl hul estetiese energie gelyktydig verklein is. Só dan verval die oermimiek geleidelik in onbruik, wanneer hulle die twee vormkunste genoegsaam tot wasdom gebring het: aanvanklik beeldhou, daarna skilder. Die sigbare deel van menslike taal is wesenlik uit hierdie twee voltooi en veral [uit] laasgenoemde, sonder dat in ieder geval die indirekte oorsprong ooit sou ophou om hiervoor waardering van die positiewe filosofie te hê. As elke skrywe aanvanklik voortgekom het uit ‘n egte ontwerp, dan is elke ontwerp ook oerbestem om ‘n ekspressiewe houding vol te hou.

Wanneer ons nou die tweede wortelbron van die taal oorweeg, is dit maklik om die voorkeur te verklaar, wat die musikale ekspressie algou verwerf en meer en meer bo die mimieke ekspressie, wat aanvanklik oorheers het, ontwikkel het. Hoewel klanke makliker gereproduseer word as vorme, en dan sonder dat hulle hoegenaamd aan ons diepste affeksies verbonde sou wees, maak hulle groter onafhanklikheid van tyd en plek hulle bruikbaar vir kommunikasie op ‘n klein afstand, tussen hulle wat genoegsaam geoefend is om hulle vrywillig te vorm. ... Hierdie kosbare tregter, wat aanvanklik blyk slegs die vegetatiewe lewe te kan bevoordeel, voorsien aan die hoër diere die beste middel om die serebrale bestaan te versterk, deur onderlinge kommunikasie wat die fynste nuanses daarvan opspoorbaar maak ...

Om die hierdie uiteindelijke oorheersing deur die vokale oor die mimieke uitdrukking beter te waardeer is dit belangrik om hier ook twee essensiële eienskappe aan te merk, gewoonlik te veel misken: die een staties; die ander dinamies. Die eerste bestaan in die intieme af-hanklikheid van die ooreenkomstige apparaat in die brein, waarvandaan sy hoofsenuewees uitgaan. Geen ander deel van ons sensus is só sterk verbonde met die sensusentrum nie. Dit is dus die mees-gepaste om tekens te voorsien met die vermoë om ons emosies en gedagtes beter uit te druk, selfs die delikaatstes. Geen hoër spesie sou 'n groot hindernis er-vaar om so 'n vermoë te ontdek, alreeds spontaan aangedui deur die krete wat pyn en vreugde na bo bring nie. In die tweede plek, moet ek hier herinner ... aan die evidente voor-rang, hoewel tot nou toe onopgemerk, wat die mondelinge ekspressie bo die mimiek het: dat dit 'n werklike monoloog fondasie gee, waarin elk hom tot homself rig. Hierdie eienskap voltooi die samestelling van karakteristieke wat die feitlik universele voorrang motiveer van só 'n tekensisteem by alle hoër diere; en hiervolgens kan die ander kommunikasiewyses nie kwalifiseer as taal (langage) nie behalwe deur 'n metaforiese uitbreiding... Dis dus so dat onder alle menslike populasies die visuele taal, wat aanvanklik oorheers het, geëindig het om 'n eenvoudige hulp vir die ouditiewe taal te word ...

Na die mate wat ons sosiale ewolusie ons gees ontwikkel het, teoreties of prakties, en die aanvanklike oorheersing deur die affeksie verklein het, moes die sintuig wat die meeste bygedra het tot die intelligensie geleidelik die taal modifiseer relatief tot die sintuig wat makliker toeganklik is vir die sentiment. Hierdie noodsaaklike invloed moes die oertaal meer analities en minder esteties gemaak het, met die doel om die begrippe wat die eksterne orde raak en ons konstante reaksie daarop, toe te eien (II, 228-231).

Musiek en poësie

Die eerste diep modifikasie wat beurtelings die kuns en die taal ondergaan het, bestaan in ontbinding van die oermusiek in twee onderskeie takke, wat hulle weldra presies sou skei, hoewel hulle affiniteit voortduur. Waar die affektiefste die aanvanklike duiding volhou, konstitueer die intellektueelste die *poësie* in strenge sin. Maar net die etimologie van die woord *musiek* is sou genoeg wees, bo-en-behalwe die versameling getuienisse wat die hele Antieke voorsien, om altyd aan te dui dat dit die ware aard van die oerkuns was, waar die poësie vir 'n lang tydperk in die musiek geabsorbeerd gebly het. Toe dit hom daarvan losgemaak het, was dit veral bedoel om beter die priesterlike invloed te ondersteun, wat die hoofdryfkrag van hulle onherroeplike skeiding geword het – daarna geheilig deur 'n religie waarin die musiek in strenge sin hom weldra aan die teokratiese poësie sou onderwerp. Hierdie nuwe koördinasie verwerf meer en meer 'n universele instemming, na die mate dat die intellektuele wieke eweveel teoreties as prakties, ons die noodsaak laat voel van 'n minder sintetiese taal, waarin begrippe en ondernemings beter geformuleer kon word. Ongeag die noodwen-

dige verkleining wat die estetiese energie só ondergaan het, het die kuns in die algemeen krag gewen verby dit wat dit aan intensiteit verloor het. By grasia van hier-die hoër volheid, het die poësie weldra oral die eerste onder die skone kunste geword, waaronder die musiek, hoewel ekspressiewer, slegs die tweede rang beklee, by die toppunt van die besondere kunste, almal onderworpe aan die algemene kuns (II, 232-233).

Poësie en prosa

[‘n] Nuwe modifikasie ... onder die groeiende impulse van dieselfde motiewe, het op sy beurt die poëtiese taal ontbind, om daaraan ‘n gebruikstruktuur te gee en tog minder ekspressief. Uit hierdie tweede fundamentele rewolusie het eindelijk die ware konstitusie van menslike taal (*langue*) gekom, toe die *prosa* in strenge sin (waarvan die naam ons helder aan die bron herinner), alleen die vrye ontwikkeling van die aktiewe en spekulatiewe bestemming van die taal (*langage*) toelaat. ‘n Nuwe teoretiese en praktiese vlug bepaal noodwendig hierdie beslissende skeiding, wat, onder alle beskaafde populasies, weer tot in die besitlose tye direkte monumente bestyg. Betreffende die affektiewe bestemming van die menslike taal: dit verkry so ‘n groter uitbreiding en selfs groter suiwerheid, hoewel die estetiese energie minder sou word soos wat die poëtiese taal in strenge sin voelbaar verskil van die gebruikstaal. (II, 233-234)

FUNKSIES VAN TAAL

Taal en sentiment

Dis maklik om die deurdringende reaksie op die sentiment te verduidelik. Want dit val op die algemene effekte van die biotiese werking terug. Ons neigings dwing ons om emosies uit te druk – selfs in ‘n eensame bestaan – soos handeling om hulle te bevredig. Die bewegings wat tot uitdrukking saamwerk, ten minste wanneer hulle mimiek bly, val wesenlik saam met dié wat dien tot handeling. Hierbenewens druk elkeen te dikwels sy affeksies uit minder om hulle te versadig as om sy soortgenote te dwing om hulle na te volg. As dan die uitdrukking uit alle oogpunte voortkom uit sentiment, dan behoort hulle, wederkerig, te neig om dit te ontwikkel en te konsolideer. Hierdie normale reaksie wat aan alle affeksies toekom, pas veral ook by simpatieke instinkte, waarvan die ekspansie rondom ons emosies voortbring geskik om ons tot geluk te stimuleer, deur ‘n alternatief bykans ongedefinieerd. In elk geval konstitueer die ekspressie nooit die kragtigste middel om affeksie op te wek nie; wat altyd vooraf versterk word deur die handeling self wat dit moet bepaal. Maar ná die praktyk in strenge sin, word die taal (*langage*) sekerlik die sterkste sterkste algemene stimulant van die sentiment. Alle preliminêre godsdienste, en veral die Katolisisme, gebruik ten diepste hierdie kosbare vermoë om ons morele kultuur te vervolmaak deur ‘n reëlmatige beoefening van gebed. Die finale godsdienst verkry sistematies daaruit ‘n baie be-

ter effektiwiteit deur in die subjektiewe lewe die direkte vlug van die simpatieke instinkte te institueer ...

Hierdie noodwendige reaksie van die taal op die sentiment word, teenoor enige affeksie – maar veral die welwillende – lewendiger en dieper na mate die ekspressie vollediger en en-ergieker is. Hierdie hiërargie toon homself helder wanneer ‘n mens die drie algemene modi van menslike kommunikasie vergelyk: aanvanklik mimiek, dan mondeling, dan skrywe. Wanneer die eerste alleen staan, dan modifieer hy minder as enige ander interpreteerder, hoewel hy die toeskouers intens sou kon raak. Mondelinge ekspressie, andersinds natuurlik ver-gesel van gebare en bypassende houdings, het wel méér morele effektiwiteit, soos ons heelyd herken in die godsdienstige gebed. Maar die geskrewe ekspressie, ten spyte van sy sukses in stilte en alleenheid, verander ons tog van meet aan, wanneer dit spontaan genoeg is. Die interne moeite wat dit vereis word ‘n nuwe bron van affektiewe opwekking, op voorwaarde dat hulle nie die intelligensie verswelg nie. Verder bring net sy genoeg volheid en presiesheid mee. So het die briewe van twee waardige minnaars gevoeliger as hulle ont-moetings. Die affektiewe reaksie van ekspressie word dus altyd gemeet volgens sy paslike serebrale intensiteit. Maar sy morele invloed reik ook na die geval waar die taal suiwer pas-sief is, dit wil sê wanneer ons formules gebruik wat elders uitgedruk is. Hoewel die gebedsmodelle in die godsdienstige boeke vervat selde sou kon pas by die ware situasie van die elke gelowige, oefen hulle toepaslike gebruik altyd ‘n heilsame reaksie uit. Dis net minder as wat die gelowige sy eie uitstorting sou gekomponeer het, sy dit op die oomblik wat hy dit volvoer, sy dit selfs ‘n lang tyd vooruit. Ons kan eweveel sê oor die passies van groot digters wat ons maklik gebruik om ons spontane uitdrukkings te vervolmaak. Die uitnemendheid van ekspressie word ook verder versterk deur die herinnering aan al die simpatieë wat dit vóór ons al opgewek het. Nogtans: die gebrek aan geleentheid en spontaneïteit gee nooit aan hierdie passiewe uitstortings eweveel effektiwiteit as aan ons kleinste handelende uit-drukkings nie, ongeag die estetiese minderwaardigheid van laasgenoemdes.

Binne hierdie algemene waardering van die affektiewe reaksie van die taal, het ek dit ver-onderstel as geredesueer na sy gewone rol, saamgestel uit tekens, streng genome. Maar sy morele invloed word nog uitdrukliker, hoewel dit altyd dieselfde wette volg, wanneer dit homself ophef spesiaal tot die waardigheid van die kuns, deur aan hierdie kunsmatige te-kens ‘n gelukkige gebruik van eksterne beelde wat voortkom uit vorms en klanke. Die meer-derwaardige energie van so ‘n taal beskik nie alleen vir hom ‘n kragtige affektiewe reaksie wanneer dit werklik aktief en spontaan is nie – dit kan dikwels ook kompenseer vir die totale afwesigheid van spontaneïteit en selfs die tekort aan geleentheid, soos die godsdienstige seromonies dikwels toon, asook estetiese produksies op die passiefste van die toeskouers. Mense misbruik by geleentheid hierdie vermoë om kunsmatige emosies op te wek, volgens formules en komposisies wat

korrespondeer met sentimente wat nog sluimer. Wan-neer ek oor die morele kultuur handel, sal ek met sorg die praktiese belang uitlig van die normale voorskrif wat altyd die ekspressie aan die affeksie ondergeskik maak. Maar sonder dat eersgenoemde ooit hoef vooraf te gaan aan laasgenoemde, kan dit gebruik word hoe-wel met groot omsigtigheid, om waardig 'n naby-ontwaking van ons beste sentimente uit te lok. As hierdie opwekking te voorbarig raak, dan word die sterkste estetiese ingeperk tot tot die ontlading van herinneringe, waarvoor die morele reaksie nie sal plaasvind nie, aangesien die serebrale taalorgaan hulle spontaan by die regte geleentheid reproduseer. Vóór dié in-terne werking bring voornoemde antisipasies dikwels die ernstige gevaar mee om 'n affeksie te laat plof wat agterna alle ware emosie onmoontlik maak. Dis ook nie voldoende dat 'n ekspressie altyd verbonde is met 'n werksame affeksie nie. Dit moet ook deurlopend bestem wees vir 'n werklike kommunikasie, sy dit individueel of kollektief, maar wat ewegoed subjektief as objektief kan wees. As die uiterlike teenwoordigheid van die vereerde wese as *sine qua non* beskou word vir die morele effek van menslike uitinge, dan sou ons nie die serebrale effektiwiteit van godsdienstige gebede kon begryp nie.

TAAL EN DENKE

Kommunikasie [is die] ware bestemming [van die taal]. So 'n doel konstitueer die enigste beslissende bewys van die rypheid van ons konsepsies, watter ookal. Nie alleen verifieer dit hul realiteit deur dit vir ons volhoubaar te maak om die subjektiewe as die objektiewe te neem nie; maar dit konstateer veral dat hulle genoegsaam eksaktheid en konsistensie verkry het. Wanneer dit selfs handel oor konsepsies uniek vir ons persoonlike gebruik bedoel, moet ons die wat nie waarlik kommunikeerbaar is nie, beskou as te weinig uitgewerk. Want as hulle glad nie essensieel chimeries is nie, sal hierdie bewys alleen genoeg wees om hulle as vaag, verward en vloeiend te beoordeel. Maar die taal wat direk aan die kommunikasie leiding gee, moet veral die verfyning wat haar moontlik gemaak het, ondersteun. Dit baat hier nie om sleges enkele eenvoudige notas te gee, soos in die aanvanklike uitbarsting nie. Haar amp produseer hier 'n volgende diskoers, wat ontwikkel en verhelder word terselfdertyd as die meditasie, waarvan die spontane vlug ewe moeilik van so 'n ondersteuning te onderskei is.

Hierdie logiese effektiwiteit van taal manifesteer hom in die twee algemene modi waarin die wat die teoretiese kommunikasie inhou: aanvanklik mondeling, daarna geskrewe. Die eer-ste, minder volmaak en minder maklik, konstitueer by 'n ware denker alleenlik 'n voorlopige bewys, privaat of publiek, van die rypheid van sy konsepsies. Wanneer hy geslaag het, kan dit nie langer genoegsaam wees nie; want die snelheid van produksie en van die waardering, kan hier nie 'n voldoende diepsinnige eksaminering van bemoontlik nie. Maar om reeds oor die werklikheid en die relevansie van die werk uitspraak te doen, pas dit om ook vir ons aan te dui watter insette dit nog verg om die verfyning, die eksaktheid, en die samehang wat pas by die volledigheid

en die stabiliteit van die resultaat, te bereik. Hierdie de-finitiewe vervolmaking kan slegs ooit voortkom uit 'n geskrewe uiteensetting.

Nie slegs maak laasgenoemde, deur die begrippe te bewaar, hulle beslissende eksaminering moontlik as 'n skuiling vir elke oratoriese instelling nie, maar die helderheid en die kontinuïteit wat eie aan hulle is, lei ons gedurende hul graduele en eensame bereiking na die hoogste graad van presiesheid en konsistensie wat die menslike gedagtes toelaat. Ons kan dit nooit bereik wanneer ons ons inperk tot mondelinge kommunikasie nie, ookal is dit publiek. Alle groot konsepsies, nadat hulle genoegsaam deur meditasie voorberei is, kon nie onherroeplik verskyn behalwe deur die pen nie - om só 'n waardige geskrewe uiteensetting te bereik. Ook die teoretiese deelname van die taal het later meer onskeibaar geword van die eenvoudige mentale inset, tot die punt van verifikasie van die beroemde aforisme dat Buffon hom te veel tot estetiese komposisies beperk het. Dis veral hier waar ons dikwels die serebrale fenomeen kan waarneem ... waar die diskoers die gedagte vooruitloop, sonder om hulle parallel te verander. Die taalorgaan, vereers aktiewer as die meditasie-apparaat, neem 'n gedeeltelike inisiatief vir die naaste proposisies, om daarna gelei te word deur die hele voorafgaande groep. Dit verskaf dus die ekspressions wat as prematuur bevind kan word, maar wat weldra anders sal word. (II, 249-251).

TAAL EN SAMELEWING

Onder die sosiale aspek moet die taalinstelling uiteindelik vergelyk word met die van eiendom. ... Want eersgenoemde bereik vir die mensheid se geestelike lewe 'n fundamentele amp wat gelyk staan aan die een wat laasgenoemde uitoefen ten opsigte van sy materiële lewe. Nadat dit wesenlik die verkryging van alle menslike kennis – teoreties of prakties – gefasiliteer het en ons estetiese opstyging gelei het, heilig die taal hierdie dubbele rykdom en dra dit oor aan nuwe medewerkers. Maar die verskil in bewaarplekke stel 'n onoorbrugbare verskil tussen die twee bewarende instellings. Vir produkte bestem om menslike node te bevredig, wat hulle noodwendig opgebruik, moet eiendom individuele oppassers instel, waarvan die sosiale effektiwiteit selfs versterk word deur 'n wyse konsentrasie. Daarteenoor: oor die rykdomme wat 'n gelyktydige besit bemoontlik sonder om enige verandering te ondergaan, institueer die taal van nature 'n volle gemeenskap, waar almal - deur vrylik 'n univertsele skat te besit – spontaan saamwerk aan sy bewaring. Ten spyte van hierdie fundamentele verskil, maak die twee akkumulasiesisteme ekwivalente misbruike wakker, vergelykbaar met spel sonder produseer. Die bewaarders van materiële produksie kan degenerer tot eksklusiewe arbiters oor hulle besigheid, te dikwels gelei na egoïstiese bevrediging. Netso kan hulle wat heeltemaal niks tot die geestelik skat bygedra het nie, hulleself aanmatig om op 'n manier 'n slagspreuk aan te gryp wat hulle vrystel van enige werklike diens. Hierdie parasitiese neiging is verder makliker en veelvuldiger as die ander een, sonder om die minste skadelik te wees, want die kollektiewe aard

van die skat maak dit van meetaan ondergeskik. Die taal, wat die Groot-Wese vrygewig tot die vye beskikking van al sy dienaars stel om hulle sentimente en gedagtes te kommunikeer en te vervolmaak, dien te dikwels om kunsmatige emosies te formuleer, en veral om die afwesigheid van egte konsepsies te verbloem.

Slegs haar bestaan roep ... die Groot-Wese op wat haar vorm gee, bewaar en haar ontwikkel deur 'n onophoudelike aandrang; geen persoonlik sou dit ooit kon vervang nie. Sedert die filosofie dit eindelijk verhef het tot 'n ware universele gesigspunt, kan elkeen dus gemaklik die teenstrydige situasie waardeur van al diegene wat die Mensheid misken. Die toe-gewyde Christen of Moslem, wat sy godheid bedank vir die weldade wat in feite toekom aan ons ware voorsienigheid, kan slegs sy anti-sosiale gebede uitspreek in 'n taal (*langue*) wat nog altyd voortkom uit die Groot-Wese, wat hy nie erken nie. Netso preek die kommunist of die sosialis, wat blindweg menslike kontinuiteit afwys, sy anargistiese utopieë uit in terme van formules gekonstrueer deur die totaal van vorige geslagte (II, 254-256).

Hoe die samelewing die taal skep

Indien enige besondere klas die volmag sou kon toekom om homself die hoofinstelling van die mens toe te eien, sou so 'n voorreg veral aan die priesterklas toekom. Want dit het van nature die mees-toepaslike gebruik daarvan gemaak om dit te ontwikkel en te heilig, naamlik om 'n onderwysvermoë te behaal waar loutere nabootsing onvoldoende geword het. Wanneer die teokrasie aborteer of ontbind word, is die digters die opvolgers van die priesters in hierdie karakteristieke vermoë, waarvolgens hulle reeds verskriklike fiksies skep op die fondament van die tale (*langues*). Die suiwere filosofe en nog minder die eenvoudige geleerdes, kon in hierdie opsig glad geen redelike pretensie belig nie, behalwe ten opsigte van enkele doktrinale uitdrukkings, gewoonlik sleg gekonstrueer. Maar die twee klasse wie se titels op hierdie monopolie beter gefundeer is, het werklik niks gedoen nie behalwe saamloop – in verhouding tot hulle eie behoeftes – om 'n instelling te ontwikkel wat nog altyd spontaan gebore is uit 'n kollektiewe instink. Die priesterlike onderwys en die poëtiese opstyging vooronderstel evident die taal (*langage*), sonder om dit ooit te kan skep, ewemin as die sosiale toestand, wat dikwels toegeskryf word aan dieselfde invloede. Dis aan so 'n populêre spontaneïteit, beurtelings konserwatief en progressief, dat al ons tale (*langues*) hulle bewonderenswaardige opregtheid verskuldig is. Selfs die mees-sistematiese en die mins-omvattende, die 'hiëroglieweskryf' pasgemaak vir algebraïese spekulasies, resulteer ook uit onderlinge kommunikasie, deur 'n langsame kollektiewe uitwerking, wat geen mate-matiese genie sal vervang nie

Die menslike publiek is dus die waaragtige skepper van die taal (*langage*), eweneens sy ware bewaker. 'n Regverdige weersin teen ongeleë innovasies waarborg so die konvensie wat altyd die geleidelike verwerwings karakteriseer as ons weer op hulle

etimologie teruggaan, want hulle kom voort uit behoeftes wat al lank bewys is. Selfs die dubbelsinnighede, wat minagtelik aan populêre armoede toegeskryf word, getuig dikwels van diepgaande toenaderings, gelukkig aangegryp deur die gemeenskaplike instink, talle eeue voordat die sistematiese rede daarby sou kon uitkom. In my fundamentele werk¹ het ek die beslissendste voorbeeld daarvan aangedui, rakende die twee betekenisse van die woord *noodwendig* (*nécessaire*), waarvan die positiewe filosofie alleen die intieme verband² verklaar het. Ek sou daar-die opmerking hier kom uitbrei oor talle ander werklik bewonderenswaardige dubbelsinniges, soos oor die woord ‘regverdig’ (*juste*), ‘orde’ (*ordre*)³, ‘eiendom’ (*propriété*), ‘menseheid’ (*humanité*), ‘volk’ (*peuple*), ensovoorts. Maar die kwalifikasie ‘positief’⁴ behoort reeds voldoende te wees vir die leser om dit spontaan te ontwikkel vanuit hierdie nuttige waardering, wat vandag so weinig begryp word.

Eindelik: die kollektiewe Voorsienigheid, wat die menslike taal konstrueer en onderhou, gebruik haar ook om sover moontlik die afwykings van ‘n teoretiese genie te korrigeer, wat tot op hede radikaal minderwaardig gebly het teenoor die praktiese instink. Gedwonge tot ‘n verstandhouding met die publiek, bevind die grootste dromers hulle gedrewe om hulleself te begryp. Die ware universele logika, wat so diepgaande ingeprent is in elke gebruikstaal (*langue usuelle*), wys uit en beperk die afwykings van ‘n fantasiefilosofie en ook die van ‘n ydele wetenskap. Gerig om die begrippe wat sy formuleer te sistematiseer, heilig die taal (*langage*) spontaan alle gekonstateerde waarhede, hoe teenstrydig hulle ook mag wees met teoretiese vooroordele. Byvoorbeeld terwyl die filosofie – teologies en metafisies – die natuurlike bestaan van die welwil-

¹ Hierdie uitdrukking dui altyd die *Cours de philosophie positive* aan – so genoem nie omdat dit die belangrikste van die twee is nie, maar omdat dit die fundamente van die ander een vasstel.

² Die nuwe politieke filosofie asl spontaan neig ... om ‘n direkte toenadering van die een tot die ander - die twee wysgerige resepsies van die woord ‘noodwendig’ (*nécessaire*) - sonder ophou as onontwykbaar wat hom aanvanklik as onvermydelik toon en omgekeerd voor te stel.

Ek kan my nie weerhou, by hierdie geleentheid, om hier opsommend die algemene gedagte van ‘n totaal nuwe werk oor die taalfilosofie aan te dui nie. Die rasonale uitvoering hiervan, wat my nie sal kan toekom nie, sou in my oë van ‘n hoë nut permanente nut wees. Hierdie werk sal in ‘n operasie bestaan, omgekeerd aan die wat gewoonlik met betrekking tot sinonieme in die ware sin, uitgevoer word. In plaas van om hier die verskillende woorde bymekaar te bring wat identies of sterk analogies gelees word, stel ek voor om ‘n soort woordeboek van dubbelsinniges saam te stel, waar ons intendeel die verskillende basiese resepsies van ‘n unieke term sal vergelyk. Die dubbele betekenis van die woord *nécessaire*, wat ek pas aangedui het, lyk my een van die beter gekarakteriseerde voorbeelde te bied, hetsy van die aard van hierdie nuwe onderneming, hetsy van die gelukkige invloed wat sy konvensionele sukses op die graduele ontwikkeling en universele uitbreiding van die ware wetenskaplike gees uitgeoefen het. Ons moet in feite nie glo dat hierdie duidelike verwarring ooit toevallig kon wees nie – ons moet daarin altyd die kosbare en onontwykbare getuigenis sien van ‘n sekere fundamentele sameloop, bewonderenswaardig aangevoel deur die publieke rede, tussen die twee idees wat so byeengekom het. (Phil, IV, 258-9)

³ Die twee so-verskillende konsepsies wat die woord ‘orde’ ons bied, val wesenlik saam by die primitiewe denkers, in wie se oë ieder *rangskikking* ‘n bevel veronderstel. Die hoogste *willens*, wat hulle aanvanklik oral smee in die Goeie, sou beurtelings die *oorsake* in die filosofie en die *regte* in die politiek produseer. (II, 87).

⁴ Kyk in die versameling *Les grandes textes*, onder A Comte: *Philosophie des sciences*.

lende affeksies verwerp, het die poësie, 'n beter interpreteerder van die gemeenskaplike wysheid, aan hulle beslissende plekke toegeken. (II, 257-259).